Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, June 24, 2018
Page: 6

Ouers moet pa staan vir die sondes van die kinders

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

"Ek reken kinders die sondes van hul vaders toe, tot in die derde en vierde geslag…" (Eksodus 20:5)

Dié van ons wat soms voet in 'n kerk sit, moes dit al gehoor het. Veral ouer mense. Vandag se predikers preek mos anders, want jong mense wil anders hoor. Maar ek wil in elk geval juis met ouer mense gesels.

Laat ek begin deur die Eksodus-Bybelvers om te draai. Die sondes van die kinders sal hul vaders toegereken word.

Hier is 'n leser se vraag: Sy seun het 'n kind by 'n meisie met wie hy nie getroud is nie. Hy betaal nie onderhoud nie. Die sonde van die seun. En nou dagvaar die meisie die seun se pa om onderhoud vir die kind te betaal.

Sy wil dus nou die sonde van die seun sy vader toereken.

Kan dit gedoen word, wil die pa verontwaardig by my weet.

Kort antwoord? Ja.

Die belange van 'n kind moet eerste gestel word in alle gevalle waar dit die kind raak. Dit is vasgelê in art. 28 van ons Grondwet. Kyk ons na die Kinderwet (38 van 2005) sien ons duidelike riglyne (art. 6) oor hoe wetgewing geïmplementeer moet word en hoe organe van die staat te werk moet gaan waar dit kinders raak. Die beskerming van en respek vir die kind is van die opperste belang (art. 2 van die Grondwet) en daar moet altyd in die beste belang van die kind opgetree word (art 7 van die Kinderwet).

Kan ons dus die ma blameer as sy, benewens haar moederlike vegtersinstink om haar bes vir haar kind te doen, ingevolge bostaande wetgewing haar kind wil versorg? Natuurlik nie.

'n Aantal hofuitsprake het dit al duidelik gemaak dat die verpligting vir die versorging van 'n kind op die kind se ouers en familie rus. Let wel, en familie. Nie die staat in die eerste plek nie.

Die Wet op Onderhoud (99 van 1998) bepaal verder dat die verpligting op onderhoud verdeel word tussen albei ouers. Getroud of nie, volgens elkeen se vermoë - nie in gelyke dele nie.

Daarna verplaas die familiereg die verpligting op onderhoud en versorging na die grootouers, as die ouers nie genoegsame vermoë het om die kind te versorg nie.

In die (baie) ou dae - ná 'n 1930-hofuitspraak - is die grootouers nie verantwoordelik gehou vir die onderhoud van 'n kind van 'n ongetroude pa nie. Gelukkig leef ons in 'n beter Suid-Afrika, en in 2004 is hierdie praktyk ongrondwetlik verklaar in die hooggeregshof in Kaapstad, omdat dit onregverdig diskrimineer teen die regte van die kind. Ek glo geen ander hof gaan hierteen beslis nie.

Maar daar is meer. Nie net word die sondes van die kind die vader (lees ook maar: moeder) toegereken nie. As die grootouers van die kind nie die vermoë het nie, is die sibbe van die "sondige" volgende om sy sondes toegereken te word. En dit sluit halfbroers en halfsusters in.

Raad met jou rande? Dit kan 'n kwaai uitwerking op jou aftreegeld hê, dis waar. Maar ek sien nie finansiële produkte wat 'n oplossing bied vir hierdie bepaalde risiko nie.

'n Aparte spaarfonds vir kinders se stuitighede? Dit kan werk. En as dit nie nodig was nie, kan dit vir 'n lekker stres-ontladingsvakansie betaal.

Of dalk is seksvoorligting as deel van finansiële beplanning iets om te oorweeg.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangisen

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.